# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAANS

ECHO OF HIS CALL
REACHING NATIONS
SINCE 1969
1969 TO 2029

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* BRO. WILLEM JACOBUS PRETORIUS

Vol. XIX — YEAR OF OUR LORD JESUS CHRIST, 2025 DECEMBER — No. 06


## DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

**JESAJA 9:1-5**

1. Die volk wat in donkerte geleef het, het 'n groot lig gesien, oor dié wat in die donker land was, het 'n lig geskyn.
2. U het dié wat nie meer 'n nasie was nie, baie gemaak, hulle blydskap groot gemaak. Hulle het hulle in u teenwoordigheid verbly soos mense bly is in die oestyd, soos hulle juig wanneer hulle die buit verdeel.
3. Soos die dag toe Midian verslaan is, het U die juk verbreek wat op die volk gedruk het, die stok waarmee hulle geslaan is, waarmee hulle gedryf is.
4. Elke soldateskoen wat in die oorlog gebruik is, en elke uniform wat met bloed bevlek is, sal verbrand word, deur die vuur verteer word.
5. Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.

# DIE WARE LIG JESUS CHRISTUS SAL JOU DUISTER VERDRYF!

*Sus. Angel*



Geseënde Kersfees vir al ons **Echo of His Call** uitgebreide familie, in die Naam van ons Heer Jesus Christus!

Baie mense debatteer of ons Kersfees moet vier of nie – was Jesus inderdaad op 25 Desember gebore? Maar tog behoort dit nie ons fokus te wees nie. Die nie-ontkenbare waarheid is dat Hy wel gebore is – God het na die wêreld gekom as 'n baba, bestem om te sterf vir ons verlossing. Kom ons gebruik hierdie seisoen as 'n geleentheid om Jesus Christus te verklaar as die rede vir die seisoen.

Kersfees gaan nie oor inkopies, versierings, Sinterklaas of feestelike tradisies nie. Dit is om die ware doel van Jesus se geboorte bekend te maak en te deel:

**'n Lig wat openbaring gee vir al die nasies ...** (Lukas 2:32).

....verv. op.bls. 3




**Echo of His Call**

***YouTube Christian Channel !***

**Jy sal die geleentheid kry om saam met Pr. S. Sam Selva Raj te bid!**

**Boodskap & gebed in 5 minute!!**

**Engels, Hindi, Tamil & Telugu**

**Elke dag – From 2.00 vm**

**Tamil Sondagdiens – 8.30 vm.**

★ Please Subscribe and Share ★

ECHO OF HIS CALL REACHING NATIONS SINCE 1969
1969 TO 2029

# ECHO OF HIS CALL - (Marching towards 60th year)

Estd. 1969



## *van julle geliefde broer...*



**Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore en van sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe - Galasiërs 4:4.**

Geliefdes in die Here,

Deur die genade van God is ons nou in die laaste maand van die jaar. Die Here is goed en al ons lof waardig, Hy wat ons onverpoosd versorg, lei en versterk in ons bediening.

Ons kerkleiers, Echo of His Call personeel, die fakulteit vir Nehemia Bybelkolleges, St. Paul Matrikulasieskool en die Drukpersspan beplan vir die uitbreiding van ons bedienings in volgende jaar met ywer en gebede.



*Leiers van die Jeugbediening in Hoofkerk*

Baie studente van die St. Paul Matrikulasieskool beleef fisiese uitdagings of ander moeilike omstandighede. Dit is dikwels hartverskeurend om van hul agtergronde te verneem. Maar ons onderwysers hou vol om met innige meelewing en volle toewyding hulle te onderrig, versorg en om te gee.



*Toespraak deur Suster Dr. Renuka op Kinderdag by ons St. Paul Matrikulasieskool*

### Ons Sendingopdrag

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.

HON. EDITOR-IN-CHIEF
Rev. Dr. Angeline S. Kumari, M.A., M.Sc., M.Ed.
EX MANAGING EDITOR
Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.
GENERAL MANAGER
Bro. N. Prakasam, M.A., M.Sc.(C&P), PGDHRM, MBA.
ADMINISTRATION
Sis. Jesy Veena Sam
Adv. K. Puratchivendan, M.Com., C.A., B.L.
Dr. P.E.R. Premchand, M.Sc., M.A., M.Ed., Ph.D.
Dr. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM), Ph.D.
Dr. Rabinder Boaz, M.S. (CMC)
EDITORIAL BOARD
Dr. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Sis. Sajini Cherian
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran
Rev. Dr. William Robert, Ph.D., DD, D.Lit.

EDITOR, PUBLISHER & PRINTER
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 98412 71858 95661 31858
E.MAIL
sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in
WEBSITES
www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.org
YOUTUBE CHANNEL
Echo of His Call

Ons Gemeentewerkers dien die Here getrou met opregte toewyding. Veral ons Vroue Gebedspan, Manne Gebedspan, Nag-gebedspan, Vas-gebedspan, Sondagskoolonderwysers, YouTube bedieningspan en die Administratiewe personeel bid ernstig vir herlewing van ons volk en voortgesette groei van ons bediening. Ons nooi julle hartlik om in te skakel by hierdie gebedsbediening.



*Vas-gebedspan*

Vir hierdie maand het ons verskeie programme beplan om uit te reik na die onbereiktes en hulle te lei in die volheid van goddelike lewe. Hiervoor vra ons ook julle innige gebede.

Ons bly diep dankbaar vir julle getroue gebede, maandelikse geldelike ondersteuning, en vrygewige spesiale offers gedurende 2025. Julle vennootskap in die bediening was 'n groot seën. Ons moedig julle aan om voort te gaan met gebede en getroue ondersteuning in die tyd wat kom.

Ons wens julle 'n geseënde Kersfees en nuwe jaar 2026 toe in hierdie blye seisoen.

Mag die genade van ons Heer Jesus Christus by julle almal wees.

In Christus Jesus, julle dienaar,

*PAST. S. SAM SELVA RAJ,*
E-pos: : sam@echoofhiscall.org

*....verv. op.bls. 1*

Jesus Christus het self verklaar:

**Terwyl Ek in die wêreld is, is Ek die lig vir die wêreld**. (John 9:5). Kersfees is dus 'n viering van hierdie groot Lig.

Kom ons kyk was sê die Bybel oor hierdie Lig:

**Die aarde was heeltemal onbewoonbaar, dit was donker op die diep waters, maar die Gees van God het oor die waters gesweef** (Genesis 1:2). Selfs in die begin was daar donkerte oor die aarde – en tog het die Gees van God daaroor gehang, onaangeraak en ongesteurd.


**Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie** (Johannes 1:5).

Ander vertalings druk dit mooi uit:

**Die donker kon nie die lig doodmaak nie** (Bybel vir almal 2007)

**Die donkerte kon nie die lig oorweldig nie (direkte vertaling)**

**Hierdie donker wêreld wou niks met hulle te doen hê nie,**



*Duisternis wat vlug vir die Lig*

**maar kon hulle ook nie keer nie.** (Boodskap)

**The darkness did not understand or overpower it.** (AMP)

Waar lig ook al verskyn, verdwyn die donker. Daar is geen geveg tussen die twee nie – die lig wen altyd!

### *1. DIE LIG SKYN DEUR DIE SONDE!*

Sonde het die mensdom van God geskei. Almal kom kort van sy heerlikheid. Die eintlike doel van die skepping – God se saam kuier met mense – is gebreek in Edentuin en het 'n groot kloof tussen God en sy mensdom gemaak.

## BAIE DRINGENDE KENNISGEWING!




Daar mag onvermydelike onderbrekings kom in die posversending van **Echo of His Call** in die nabye toekoms. As jy **Echo of His Call** steeds wil ontvang sonder onderbreking, stuur asseblief vir ons jou naam, adres, e-pos, en WhatsApp nommer in 'n brief, e-pos, oproep of SMS of WhatsApp-boodskap so gou moontlik.

Jou hulp hierin help ons om jou beter te dien.

**Ons adres:**

**ECHO OF HIS CALL,**
**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005, India**
**Cell: (+91) 98412 71858 / 98410 71858 E.mail: sam@echoofhiscall.org**



*Ons het God se lig nodig*

Geen diere-offers kon vir die sonde instaan nie. Net die koms en die offer van die vlekkelose Lam van God, Jesus Christus, kon ons met die Vader versoen.

Jesus het na die wêreld gekom om ons met God te her-enig, om die stukkende verhouding te herstel. Deur sy kosbare bloed kan ons nou by God kom sonder vrees of huiwering.

Die satan het baie se gemoed verblind met vals idees en wêreldse afleidings. Ons het God se lig nodig om koers te hou in hierdie geestelike donker. Baie goed wat die wêreld "normaal" noem staan direk teen God se waarheid.

Mag die Here sy lig in ons harte skyn en so alles uitwys wat tussen ons en Hom staan, sodat ons in herstelde vriendskap met Hom kan wandel.

## 2. DIE LIG SKYN IN DIE DONKER!

Oral waar ons kyk is donkerte: oorloë, armoede, korrupsie, misdaad, haat, morele verval. Jongmense is moedeloos, sommige pleeg selfmoord, die gemeenskap verheerlik sonde en bespot regverdigheid. Dit voel asof die wêreld daagliks donkerder word.

Gereeld hoor ons iemand sê: "In ons tyd was dinge anders." Onderwys, tegnologie en weetgierigheid het baie deure oopgemaak, maar nie alles het van God gekom nie. Die Bybel waarsku ons oor hierdie laaste dae:

**Dít moet jy weet: in die laaste dae sal daar swaar tye kom. [2]Die mense sal selfsugtig wees, geldgierig, grootpraterig en verwaand, beledigend teenoor hulle medemense en ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar en ongodsdienstig; [3]hulle sal liefdeloos en onversoenlik wees, kwaadpraters, bandeloos en wreed, sonder liefde vir die goeie; [4]hulle sal verraaiers wees, roekeloos en hooghartig. Hulle sal eerder liefde vir genot hê as liefde vir God. [5]Hulle sal nog die uiterlike skyn van die godsdiens hê, maar die krag van die godsdiens sal hulle nie ken nie. Bly weg van sulke mense af** (2 Timoteus 3:1-5).



**Mense wat in die donker woon het 'n lig gesien**

Na die beskrywing van die morele verval sê Paulus: "Bly weg van sulke mense af!" Selfs wanneer die wêreld donker raak moet jy die heerlikheid van God bly skyn.

**Die volk wat in duisternis woon, het 'n groot lig gesien; hulle wat in die skemerland van die dood lewe, vir hulle het die lig opgegaan."** (Matteus 4:16).

Ek bid dat God hierdie Kersseisoen deur elke donkerte sal skyn, nie net in hierdie wêreld nie, maar ook in ons gesinne, ons persoonlike lewens, ons werkplekke. Laat Hy verklaar dat Hy die Lig vir die wêreld is, in ons huise, ons kinders, ons huwelike, ons opvoeding, ons gesondheid en finansies.

Mag elke negatiewe woord wat teen ons geuiter is deur dokters, familie, leiers of gesagsdraers, verdryf word deur die Lig van God.

Mag ons wandel met geloof en sekerheid in Jesus Christus terwyl ons gereed maak vir die nuwe jaar.

**U, Here, laat my lamp helder skyn; my God gee lig as dit donker is om my** (Psalm 18:29).

## 3. DIE LIG SKYN DEUR DIE VREES!

Toe die engel die goeie nuus van Jesus se geboorte aangekondig het aan die skaapwagters, was hulle verskrik:

**Meteens staan daar 'n engel van die Here by hulle, en die heerlikheid van die Here het rondom hulle geskyn. Hulle het baie groot geskrik. [10]Toe sê die engel vir hulle: "Moenie bang wees nie, want kyk, ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk bestem is** (Lukas 2:9-10).

Stel jou voor hulle angs toe die hemelse lig die nag verlig! Maria het ook so geskrik toe



***Moenie bang wees nie, Maria ...***

....verv. op.bls. 6

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) **& TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

## GEBEDSPUNTE - 2025 December 19 Tot 2026 Januarie 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

### Prys God vir ...

**Desember 19** ➲ Seën oor ons vertalers, mederedakteurs, koördineerders en hul gesinne.

**Desember 20** ➲ Ons St. Paul Matrikulasieskool, Nehemia Bybelkollege, Teologiese Korrespondensiekursus, wat almal voorsien in die behoeftes van die minder bevoorregtes.

**Desember 21** ➲ Sy guns vir ons Gebedsvennote, Ingeskrewe Vennote, Geloofsvennote, Lewensvennote en Groot Opdragvennote en hul gesinne.

**Desember 22** ➲ Sy hulp dat ons die onbereikte siele kan bereik deur ons veelvuldige bedienings.

**Desember 23** ➲ Sy oorvloedige seën oor ons bedieningswerkers se gesinne.

**Desember 24** ➲ Sy seënings uitgestort op die gesinne van ons werkers.

**Desember 25** ➲ Sy seën oor al ons Kerfeesvieringe vanjaar.

**Desember 26** ➲ Die geboorte van Jesus Christus, die Redder van die wêreld wat gekom het om ons almal te verlos.

**Desember 27** ➲ Goddelike beskerming oor ons Senior Pastoor en sy gesin teen alle soorte bose magte.

**Desember 28** ➲ Vir meer kinders wat al ons Sondagskole begin bywoon.

**Desember 29** ➲ Sy seën oor sy dienaars met goddelike beskerming deur die afgelope jaar.

**Desember 30** ➲ Die goeie en vrugtevolle werking van Christelike organisasies deur die jaar.

**Desember 31** ➲ Sy wonderbaarlike voorsiening in al ons behoeftes in 2025.

**Januarie 01** ➲ Vrede wat ons toewens vir al ons lesers en mense oral in die wêreld vir die nuwe jaar 2026.

**Januarie 02** ➲ Seën oor ons Hoofkerk en susterkerke met meer gelowiges.

**Januarie 03** ➲ Sy seën oor al die kerke en gelowiges met goeie beloftes vir 2026.

### Bid asseblief vir ...

**Januarie 04** ➲ Spoedige herstel van ons Kannada Mederedakteur Ds. R. Ramakrishna en sy vrou van hul onlangse siekte.

**Januarie 05** ➲ Wêreldleiers dat hulle vervul word met goddelike wysheid om te werk vir die welvaart van die mense.

**Januarie 06** ➲ Goddelike beskerming van studente by ons St. Paul Matrikulasieskool en Nehemia Bybelkolleges.

**Januarie 07** ➲ Geskikte werkers vir ons organisasie.

**Januarie 08** ➲ Christene dat hulle God se Woord sal volg en so 'n Christus karakter vertoon.

**Januarie 09** ➲ God se voorsiening in die behoeftes vir hierdie maand.

**Januarie 10** ➲ Die sukses van ons bedieningsvennote en die staatskoördineerders in hul aksies.

**Januarie 11** ➲ Die uitbreiding van ons bediening en wêreldwye bevordering van die evangelie.

**Januarie 12** ➲ Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesinslede om onder God se magtige hand te wees in 2026.

**Januarie 13** ➲ Goddelike beskerming van alle kerke teen bose magte.

**Januarie 14** ➲ Vrede tussen lande en ekonomiese ontwikkeling.

**Januarie 15** ➲ Die volgehoue goeie reputasie van alle christelike opvoedkundige organisasies oor die wêreld.

**Januarie 16** ➲ Alle Kerke en Christenorganisasies dat hulle wettig sal registreer by die owerheid.

**Januarie 17** ➲ God se seën oor ons Gebedsvennote, Ingeskrewe Vennote, Geloofsvennote, Lewensvennote en Groot Opdragvennote en hul gesinne.

**Januarie 18** ➲ Goeie gesondheid, vrede en voorspoed oor die aarde in 2026.

## BID ASSEBLIEF VIR ONS BEDIENINGE BY DIE HOOFKANTOOR

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. **ECHO OF HIS CALL** - Maandelikse Tydskrif: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamese, Punjabi, Urdu, Sinhala & Afrikaans.
3. **BIBLECOR** – Basiese Bybelkursusse (Engels, Tamil & Hindi)
4. Teologiese Korrespondensiekursusse: Engels & Tamil
5. Nehemia Bybelkolleges (Chepauk, Santhoshapuram & Velachery)
6. Susterkerke: Santhoshapuram, Balaji Nagar & Velachery
7. Groot Opdragvennote (Netwerk van Pastore)
8. Opleidingprogramme – Seminare & Afsondertye
9. Veldtogte
10. Literatuurverspreiding en Opvolging
11. Evangelie Drukpers - Publikasies
12. St. Paul Matrikulasieskool - Village English High School
13. Sondagskole (Chepauk) : 10.30 vm. Sondag & (Velachery, Balaji Nagar & Santhoshapuram) 3.00 nm. Sondag
14. Vroeë Oggenddiens : 5.30 vm. Sondag
15. Voorbereidingsdiens : 8.00 vm. Sondag
16. Tamil Diens : 8.30 vm. Sondag
17. Jeugbyeenkoms : 11.00 vm. Sondag
18. Gemeenskap-middagete, : 1.00 nm. Sondag
19. Telugu Diens : 4.00 nm. Sondag
20. Hindi Diens : 5.00 nm. Sondag
21. Tamil & Engelse Diens : 6.00 nm. Sondag
22. Terugvoertyd : 7.30 nm. Sondag
23. Vroue gebed : 5.30 nm. Woensdag
24. Manne gebed : 7.30 nm. Vrydag
25. Dissipelskap-byeenkoms : 6.00 nm. Saterdag
26. Huis-samekomste : 6.30 nm. Dinsdag & Donderdag
27. Spesiale Nagmaal : 6.00 vm. 1ste dag van elke maand
28. Predikante-byeenkoms : 5.30 nm. Eerste Saterdag
29. Ouers se gebedstyd : 4.00 nm. Eerste Sondag
30. Naggebede : 9.30 nm. Derde Vrydag
31. Vas-gebede : 9:30 vm. Tweede Saterdag
32. Nagmaal : Tweede Sondagdiens
33. Jeug / Kinder-gebede : 10.00 nm. daagliks (per telefoon)
34. Personeel-toewyding : 9.00 vm. daagliks
35. Kantoor : 9.00 vm. tot 9.00 nm. (behalwe Sondae)

*....verv. op.bls. 4*

Gabriël verskyn het:

**Sy was verbysterd oor die woorde en het gewonder wat die begroeting tog kon beteken. Die engel sê toe vir haar: "Moenie bang wees nie, Maria, ...** (Lukas 1:29-30).

Vrees is eg, maar wanneer Jesus Christus se lig skyn, moet vrees vlug. Ons is kosbaar vir God. Laat gaan jou vrese en reageer soos Maria:



***Wanneer ons oorgee aan God se gesag, word elke belofte vervul***

**Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat u gesê het."** (Lukas 1:38). Wanneer ons oorgee aan God se gesag sal elke belofte wat Hy gedoen het, vervul word.

Moenie bang wees nie, die Heer van die leërskare gaan voor jou uit. Hy sal vir jou veg. Hou vas aan Jesus, want Hy is meer as genoeg. Probeer Jesus!


ECHO OF HIS CALL REACHING NATIONS SINCE 1965

## NEHEMIAH BYBELKOLLEGES

HAAS JOU VIR TOELATING! Chepauk & Santhoshapuram, Velachery Chennai.

**Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër**

Diploma in Theology & Bachelor of Theology

Medium :Tamil (Part Time) Hindi (Residential) (Sponsorship Available)

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.

Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858

E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org


**Bid asb. vir**

**Erken deur Internasionale Christenleiers &Senior pastore vir die afgelope 56 jaar**

## 4. DIE LIG SKYN OM DIE VOLGENDE TREE TE WYS!

Ons hoef nie die toekoms te vrees nie, want die Here is ons gidslig. **U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad** (Psalm 119:105).

God wys nie telkens die hele pad nie, maar Hy wys altyd die volgende tree. Net een tree op 'n slag!



***God wys nie telkens die hele pad nie, maar wel die volgende tree***

Selfs as die lewe jou verwar, as alles donker wil lyk en ons begin ons onsself af te vra: "Hoekom ek, Here?" moet ons Dawid se woorde onthou: **O Here, U is die lig in my lewe. As U by my is, verdwyn die donker** (Psalm 18:29 – Boodskap vert.).

In jou voorbereiding vir die nuwe jaar, soek God se begeleiding vir jou gesin, jou bediening, jou loopbaan. Vra Hom, want net Hy bestuur die toekoms.

In Jesaja is 'n uitdaging van God: **Wie soos Ek is, laat hom dit sê, laat hom sy saak stel en dit aan My voorlê; laat hom 'n verklaring gee van wat gebeur het vandat Ek my volk lank gelede gemaak het en ook van wat sal gebeur; laat hy vertel van die dinge wat kom** (Jesaja 44:7).

Liewe vriende, voordat ons 2026 ingaan, kom ons vra God om sy lig te skyn en sy planne bekend te maak vir ons lewens, ons kinders, ons doel. Hy sal getrou vir ons wys waar om te gaan.

*...verv. op bls. 9*


## Echo of His Call Postal Courses for candidates in India only

### 1. BIBLECOR

**Bid asb. vir**

Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**

### 2. THEOLOGICAL CORRESPONDENCE COURSE

Advanced Distance Education called **Theological Correspondence Course** is available in English – 537 pages and Tamil – 652 pages for Pastors, Evangelists, Christian Leaders and for lay people who have passion to do God's Ministry! A fee of Rs. 1000/- is charged. 7 Books with 149 Chapters are supplied. **Certificate in Ministry** will be awarded. **God will bless you!**

***For more details, write to us.***

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**

Echo of His Call, **Post Box 2957**, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.
**Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell : 98410 71852, 95661 31858**
**E.mail : biblecor@yahoo.co.in**

## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal wordinons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### *Ons bankbesonderhede:*

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: elbiesmith3@gmail.com**
**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)

"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15

## GLANSRYKE GOD!

**Maak siekes gesond, wek dooies op, reinig melaatses en dryf bose geeste uit. Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet.** - Matteus 10:8

Sedert die begin van my bediening het God groot tekens en wonders gedoen in my lewe. Hy het bo my beperkings sy heilige engele gestuur om my in tye van ernstige nood te help. Ek het talle kere sy krag gesien spoel oor my wanneer ek na Hom geroep het.

Gedurende 1993 het iemand my gebel en vertel van 'n vrou met die naam mev. Rose Mary. Sy het rondom 35 kilometer van die stad Madras (Chennai) gebly, en het vir baie jare gely as gevolg van aanvalle deur 'n bose gees. Daardeur kon sy nie kos eet en slaap nie. Sy het ook gewoonlik haar familie gedreig dat sy hulle lewens sal neem, en het verskeie kere probeer selfmoord pleeg. Om haar te beheer het hulle haar hande en bene vasgebind en haar in 'n kamer toegemaak.

Haar gesinslede het my geroep om vir haar bevryding te kom bid. Ek het eers tyd geneem om te bid en geestelike leiding te kry en toe na die gesin se blyplek gegaan. Die hele tyd van my huis af het ek 'n mate van teenstand van die bose beleef. Die duiwel het my fisies en geestelik aangeval nog voordat ek die huis bereik het.

Toe ek by die huis van die vrou ingaan het ek versoek dat hulle haar losmaak sodat sy vry kon wees. Maar die oomblik toe sy vry was, het sy begin rond hardloop en begin vuil taal praat en wou van my ontvlug. Ek was maar nog 'n jong gelowige in die Here Jesus Christus, maar Hy het my spesiale moed en krag gegee om hierdie bose besete persoon te kon teenstaan.



Met volle vertroue in die Here Jesus Christus het ek my mond oopgemaak en die bose gees beveel om uit haar te gaan. Sy het dadelik onbeheers begin optree en op en af gespring. Sy het aan 'n dakbalk vasgegryp en die mense met haar bene begin aanval. Niemand kon haar onder beheer bring nie. Hulle het rondom my gestaan en geskok na my gekyk. Maar ek kon die krag van die Here Jesus Christus in my voel en was seker dat God wel hier sou intree.

Uiteindelik het ek gepraat en die duiwel beveel: "Duiwel, jy het geen gesag om hierdie vrou verder te kasty nie. In die Naam van Jesus Christus van Nasaret beveel ek jou om haar nou dadelik te verlaat. Ek beveel jou in die Naam van Jesus Christus om te swyg en dadelik af te kom en die vrou te verlaat."

Sy het onmiddellik opgehou skree en op die vloer geval soos 'n dooie. Toe het ek my hande op haar kop gelê en die Here gevra om vir haar vars en nuwe lewe te gee, Sy het dadelik haar bewussyn herwin en met verbasing na almal gekyk. Van toe af was sy totaal bevry van die kloue van die duiwel en het 'n normale Christen-lewe begin leef.

Liewe lesers, dieselfde Jesus Christus is steeds lewendig en beskikbaar vir jou en my. Hy kan enige wonder in jou lewe doen. Aanvaar Hom; bely jou sonde en volg Hom. Die Here het my na verskeie dele van die wêreld geneem en sy Woorde met tekens en wonders bevestig. Hy is so lief vir jou, Hy wil jou hê. **God seën jou, my vriend.**



*************

....verv. op.bls. 7

### 5. DIE LIG SKYN OM ONS TE BESKERM EN TE VERDEDIG!

**Moet jou nie oor my verlekker nie, my vyand, al het ek tot 'n val gekom, ek sal weer opstaan, al sit ek in die donker, die Here is my lig** (Miga 7:8).

Wat 'n kragtige belofte! Selfs as ons in skaamte sit, ontmoedig, of teleurgesteld, sal ons weer opstaan, want die Here Self is ons Lig.



***Die wolk het donkergemaak aan die een kant en lig aan die ander kant***

Dalk was 2025 nie jou beste jaar nie. Maar onthou, met God se hulp kan jy weer opstaan. Wat jy ook al verloor het, kan God weer herstel. Bly net getrou aan Hom.

Toe die Israeliete voor die Rietsee gekom het, met berge weerskante en die farao se leër agter hulle, het God se teenwoordigheid hulle beskerm:

**Die Engel van God wat altyd voor die Israeliete uit beweeg het terwyl hulle getrek het, het nou agter hulle plek ingeneem ... , [20]tussen die Egiptenaars en die Israeliete. Aan die Egiptiese kant was die wolk donker en aan die Israelitiese kant het dit die nag verlig ...** (Eksodus 14:19-20).

God het tussen sy mense en hul vyand gestaan en lig en beskerming voorsien deur die vuurkolom. Hy het hulle beskerm en verdedig teen die farao se leërmag deur dwarsdeur die nag te skyn, totdat sy mense veilig was.

Liewe Broers en Susters, die Here loop voor jou uit, Hy sal jou krom paaie reguit maak, en as Hy agter jou moet loop, sal Hy.

Daar is 'n pragtige Joodse storie wat hierdie waarheid mooi uitbeeld:



***Die pa het sy seun op sy skouers getel en na veiligheid gedra***

,n Pa en sy jong seun het op 'n eensame pad geloop. Toe 'n dief hulle tegemoet kom het die pa sy seun agter hom gehou om hom te beskerm. Later het 'n wilde dier hulle van agter genader, en toe het hy sy seun voor hom gehou. Toe gevaar van enige kant gedreig het, het die pa hom op sy skouers getel en na veiligheid gedra.



***Hy roep ons om ligdraers te wees in die donker wêreld***

Net so beskerm ons hemelse Vader ons ook. Hy weet wanneer om voor te gaan en wanneer om agter te wees of ons op te tel. Laat God jou veldslae veg, want Hy is die Heer van die leërskares!

**Slotsom:** Die Lig skyn sodat Ons die Lig kan wees.

God is ons Lig, maar Hy roep ons ook om ligdraers te wees in hierdie donker wêreld. **... Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig** (1 Petrus 2:9). **Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik** (Matteus 5:16).

Ons lewens behoort God se goedheid en waarheid te weerkaats. Laat jou dade harder praat as jou woorde. Mag ander Christus sien in jou sagmoedigheid, dade en integriteit.

My liewe vriende, julle weet dalk nie wat 2026 inhou nie, maar julle kan Hom vertrou wat dit hou. Moenie bang wees nie. Laat God se lig deur elke deel van jou lewe skyn. Moenie oor môre bekommer nie. **... môre bring sy eie bekommernis ...** (Matteus 6:34).

Wat ook al vandag jou laste is, onthou: Jesus, die Lig vir die wêreld, kan deur elke vrees en onsekerheid skyn. Sy lig is sterker as jou duisternis. Sy vrede is groter as jou moeilikhede, en sy krag is meer as enige teenstand.

**U is die bron van die lewe, deur u lig lewe ons** (Psalm 36:10).

************

**NOTICE**

Save our mobile numbers (+91) 98410 71858, (+91) 98412 71858 (main numbers) in your mobile phones. - Editor

Posted at "Egmore RMS Patrika Channel" RNI TC NO. TNAFR/2007/21215

## 'n Goeie geleentheid om Echo of His Call Maandelikse Tydskrif gratis te kry

As jy vir ons die adresse van jou vriende / familie stuur per pos of e-pos, Whatsap of bel, sal ons maandeliks vir hulle **Echo of His Call** gratis stuur.

## Bid asseblief

### ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:

**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

## ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org) **Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

ECHO OF HIS CALL
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.org

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

**Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215**
**Date of Publication: First week of every month**
**Date of Posting : 3rd & 4th of every month**
**Posted at "Egmore RMS Patrika Channel"**
**on 4th DECEMBER 2025**
**If un-delivered please return to:**
**ECHO OF HIS CALL (AFRIKAANS)**
**P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.**
**Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766**

***JESUS HET JOU LIEF!***

To

***GOD SEËN JOU!***

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**